## 14 Augustus - OES

**Skrifgedeelte: Galasiërs 6:1-10 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Galasiërs 6:8**

Paulus gebruik die beeld van die oes om vir die Galasiërs duidelik te maak dat dit wat jy in hierdie lewe doen, besondere betekenis het vir jou ewige bestemming.

Die eerste ding wat ons hier moet insien, is dat Paulus met gelowiges praat. Hy waarsku gemeentelede dat hulle nie hulleself moet mislei nie: God laat nie met Hom spot nie! Elke gelowige moet sy eie doen en late ondersoek.

Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. Om op die akker van die sondige natuur te saai, beteken dat jy toelaat dat jou ou sondige natuur sý gang in jou lewe gaan. Om op die akker van die Gees te saai, beteken dat jy jou daarop rig en jou daarvoor instel dat die Heilige Gees sý gang in jou lewe sal gaan. So laat jy die Heilige Gees jou lewe beheers (Gal 5:16) en laat jy jou deur Hom lei (Gal 5:18).

Saai jy om jou sondige natuur te plesier, dan oes jy dood (vernietiging) en verderf. Saai jy om die Heilige Gees te behaag, dan oes jy die ewige lewe.

Hoe hartseer tog dat daar lidmate van die kerk is wat so rustig is in die belydenis (van o.a. die Galasiërsbrief) dat ons enkel en alleen deur die geloof in Jesus Christus vrygespreek is van al ons sonde, en nié deur óns eie werke nie, dat hulle nie meer omgee wáár hulle met hulle lewe saai nie! Omdat hulle nie daarvoor omgee nie, kry die plesier van die sondige natuur voorrang en kerkgang verslap, Bybellees en Bybelstudie vind nie plaas nie, huisgodsdiens is nie meer deel van die gesinslewe nie, en kinders kom nie by die katkisasie nie.

Ter wille van jou ewige saligheid: let tog op wáár jy saai!

*Sing: Skrifberyming 9-2:9* *Ds JH Cilliers (Reitz)*